higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

043Q1E2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Dis raadsaam om altyd die bepalings en voorwaardes van die waarborg na te gaan.

1.1.2 'n Waarborg moet by die vervaardiger geregistreer word om aan sekere voorwaardes te voldoen.

1.1.3 Wanneer jy 'n produk in die winkel koop, kan hulle dalk vir jou vra of jy graag 'n waarborg wil koop.

1.1.4 Bankbeleggings is veilig want in Suid-Afrika word die bankbedryf goed gereguleer en dis eintlik onwaarskynlik dat jy geld sal verloor as jy by 'n bank belê.

1.1.5 Huishoudelike produkte soos elektriese en kombuistoestelle, en meubels kom dikwels saam met 'n waarborg.

1.1.6 Een van die beginsels daarvan om te begroot is om minder te bestee as dít wat jy verdien.

1.1.7 'n Waarborg verleen ekstra beskerming aan jou en versterk jou verbruikersregte.

1.1.8 As jy 'n huis wil koop, moet jy 'n plan maak om ekstra geld eenkant te sit om dit af te betaal.

1.1.9 Welvaart is die oorvloed van waardevolle hulpbronne of materiële besittings.

1.1.10 Waarborge kan ook van toepassing op dienslewering wees, byvoorbeeld, installasie- en hersteldienste by jou huis.

1.1.11 'n Waarborg is soos 'n versekeringspolis – dit dek die produk selfs ná die vervaardiger se waarborgtydperk.

1.1.12 Daar is VIER verskillende soorte spaarrekeninge om in aanmerking te neem: Daggeldrekeninge ('call accounts'), kennisdeposito's, vaste deposito's en huurkooprekeninge.

1.1.13 Nog 'n begrotingsbeginsel is begeertes eerste en behoeftes later.

1.1.14 'n Waarborg is 'n instemming van die vervaardiger dat hulle 'n item sal herstel of vervang as iets binne 'n sekere tyd nadat jy dit gekoop het fout gaan.

1.1.15 Dis raadsaam vir enigeen wat toestelle koop om die waarborge wat daarmee saamkom te ignoreer.

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.2 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Ben Zulu werk by 'n fabriek waar ontvlambare materiaal gebruik word. Ongelukkig kom hierdie werknemer nie die reëls na nie en steek 'n sigaret binne die fabriek op. 'n Bietjie as val op van die ontvlambare materiaal en skielik is daar groot vlamme. Hy probeer keer dat die vlamme versprei en doen in die proses brandwonde op oor sy hele hand en aan 'n gedeelte van sy gesig.

1.2.1 Watter soort brandwonde is dit? (1)

1.2.2 Noem SES handelinge wat jy moet uitvoer terwyl julle wag vir die nooddienste om by die fabriek op te daag vir die beseerde Ben Zulu. (6)

1.3 Verduidelik kortliks wat 'n *noodhulpkis* is. (3)
[25]

VRAAG 2

2.1 Gee VIER redes waarom 'n ondergeskikte genoodsaak sal wees om sy/haar toesighouer te omseil rakende 'n persoonlike probleem. (4)

2.2 Kies die korrekte term vanuit dié in hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1…(Kennisdeposito's/Vaste deposito's) is beleggings wat vir onbepaalde tydperke gemaak word, maar jy kan nie 2.2.2…(toegang kry tot jou fondse/jou fondse deponeer) voordat 'n sekere tydperk nie verstreke is nie.
Die reeks beskikbare kennistydperke is enorm en banke bied oor die algemeen 'n kennistydperk van 2.2.3…(32 dae/10 dae) aan.

2.2.4… (Vaste deposito's/Kennisdeposito's) bind die belegger se geld vir 'n voorafbepaalde tydperk vas en hierdie tydperk kan enigiets vanaf 2.2.5…(een/vyf) maand(e) tot vyf jaar wees. Hoe langer die kennistydperk hoe 2.2.6… (hoër/laer) is die rentekoers wat gewoonlik aangebied word.

Met 'n 2.2.7... (daggeldrekening/vaste deposito) het jy geredelike toegang tot jou geld deur die bank 2.2.8…(24 uur/2 uur) vooraf in kennis te stel. (8)

2.3 Bespreek die verskil tussen *afwesigheid* en *traagheid.* (2 × 2) (4)

2.4 Noem VIER foute wat binne 'n organisasie kan voorkom. (4)

2.5 Noem VYF nadele van ondoeltreffende kommunikasie in die werkplek. (5)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Skryf die volgende afkortings volledig uit soos dit voorkom in welvaartskepping:

3.1.1 'NCR'

3.1.2 OTM ('ATM')

3.1.3 SAMK ('SAHRC')

(3 × 2) (6)

3.2 Organisasies het verskillende departemente wat verskillende funksies verrig.

Noem die departemente wat die funksies hier onder verrig deur die korrekte antwoord langs die vraagnommer (3.2.1−3.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 Watter departement is verantwoordelik vir marknavorsing in die organisasie?

3.2.2 Watter departement is daarvoor verantwoordelik om na kliëntversoeke om te sien?

3.2.3 Watter departement is verantwoordelik vir die werwing en seleksie van nuwe werknemers?

3.2.4 Watter departement is verantwoordelik vir algemene administrasie in die organisasie?

3.2.5 Watter departement is daarvoor verantwoordelik om al die tegniese ondersteuning en opleiding in die organisasie te verskaf?

3.2.6 Watter departement is daarvoor verantwoordelik om eise en betalings te verwerk?

3.2.7 Watter departement is daarvoor verantwoordelik om hulpbronne en toerusting te verskaf?

3.2.8 Watter departement is verantwoordelik vir 'n organisasie se verkope?

(8 × 2) (16)

3.3 Aanspreeklikheid kan nie gedelegeer word nie, maar die toesighouer word daarmee belas wanneer gesag aan hom/haar gedelegeer word.

Gee enige DRIE pligte van 'n toesighouer in die werkplek. (3)

[25]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *vakbond*. (3)

4.2 Gee enige SES geregistreerde vakbonde in Suid-Afrika. (6)

4.3 Kies die korrekte betekenis uit die opsies hier onder en skryf die antwoord langs die vraagnommer (4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KVBA ('CCMA') staan vir: Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie / Komitee vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie. (2)

4.4 Werkgewers moet onder sekere omstandighede die werkplekforum raadpleeg voordat hulle sekere besluite kan implementeer.

Kies VYF sodanige omstandighede vanuit die lys hier onder:

- Gedeeltelike of totale aanlegsluiting
- Kriteria vir meriete- en werknemersbonusse
- Herstrukturering en nuwe werksmetodes in die werkplek
- Gesondheid- en veiligheidsmaatreëls in die werkplek
- Aflegging van werkers
- Skending van enige wet of hofbevel
- Enige leed wat 'n werker in die werkplek mag ly
- Ondoeltreffendheid in die werkplek
- Verskaffing van 'n KVBA in die werkplek
- Maak voorsiening binne die Departement van Arbeid (5)

4.5 Definieer die term *verplaasde aggressie*. (2)

4.6 Noem SEWE tipiese voorbeelde van *veiligheidsbehoeftes* as een van die vlakke in Maslow se hiërargie van behoeftes. (7)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou